

11 April

Skrifgedeelte: Klaagliedere 5
Fokusgedeelte: Klaagliedere 5:21

Omdat God ons bekeer, kan ons bekeerd wees

In die voorafgaande vier hoofstukke is daar gekerm en gekla oor die leed wat die ballingskap, oorlog en onderdrukking gebring het. Die straf het ook opgehou. Telkens het daar 'n geloofsflits deurgebreek. In hierdie laaste klaaglied lyk dit asof die beproewings nou verby is. Niemand het daaraan ontkom nie en die volk beleef 'n ongelooflike verlatenheid. Nou het ons met 'n gebed te doen wat uitmond daarin dat die volk werklik 'n bekeerde volk sal wees.

As hulle 'n verlatenheid beleef oor die sonde en die gevolge van die sonde, dan beleef hulle dit ten diepste as 'n verlatenheid van God. Sonde maak mos dat 'n mens wil wegkruip vir God. Adam en Eva het mos al weggekruip vir Hom. Nou is hulle gebed juis dat die verhouding herstel moet word. Nou nie meer weg(kruip) van God af nie, maar terug(kruip) na God toe. Daarom is die gebed dat God hulle moet bekeer, sodat hulle hul tot die Here kan bekeer. Daar is nou weer die smagting na die nabyheid van God wat hulle vroeër beleef het. Die Here moet dit herstel. Hy moet die hart van die volk verander, sodat hulle nou weer volk van God kan en wil wees wat naby aan Hom wil leef.

Ons moet maar telkens in ons lewens restourasiewerk doen. Om ons lewe te restoureer tot ware kindwees van God wat Hom ken, liefhet en dien, moet ons maar met ons stukkende lewens telkens terug na die Here toe. Heling van die sonde en die gevolge van die sonde is alleen moontlik as die Here ons hart ophef deur sy Heilige Gees. Deur die krag van die Heilige Gees moet Hy ons in die geloof dring om vas te gryp aan Hom en dan elke dag naby Hom te leef. Ons roeping is om vas te gryp, omdat ons gegryp is. Bidwerk, grypwerk en bouwerk is onlosmaaklik deel van kindwees van God. Dit alles begin by God wat in ons werk.

Sing: Psalm 119:62,63

Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)